**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL HG**
**(Tweede Vraestel: Letterkunde)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord ENIGE TWEE van die volgende afdelings.

AFDELING A
**POËSIE**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| **Vraag 1** | **Hansie en Grietjie** | **3** |
| | **Melkkantien** | **5** |
| | **"last grave at dimbaza"** | **6** |
| | **Begrafnis van ? ouma** | **8** |

AFDELING B
**KORTVERHALE**
***Kinders van die aarde*** **(Charles Fryer)**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

| | | |
|---|---|---|
| **Vraag 2** | ***Die wedloop*** **– P. Bekker** | **9** |
| | ***Storm op die berg*** **– W.A. de Klerk** | **10** |
| | ***Rooikoos Willemse is soek*** **– A.H. de Vries** | **11** |
| | ***My Broer se kraai*** **– C. Barnard** | **11** |
| | ***Die ooreenkoms*** **– Dalene Matthee** | **13** |
| | ***? Man kom tuis*** **– C. Barnard** | **13** |

AFDELING C
**ROMAN**
***Kringe in 'n bos*** **(Dalene Mathee)**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

| | | |
|---|---|---|
| **Vraag 3** | ***Kringe in ? Bos*** **(Dalene Matthee)** | **14** |

AFDELING D
**ROMAN**
***Gooi hom in die sloot*** **(Roelf van Rensburg)**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

| | | |
|---|---|---|
| **Vraag 4** | ***Gooi hom in die sloot*** **(Roelf van Rensburg)** | **18** |

---

AFDELING A
**POËSIE**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
- Beantwoord elke GEDIG op ? NUWE bladsy.

**VRAAG 1**

***Hansie en Grietjie* – E. Castelyn**

***Hansie en Grietjie***

daar was eendag ? woud
aan die kant van die son,
die maan is ? flou olielamp,
saans brand honderde kersies,
die volgende môre word die kindertjies
afgelaai by die heks se huisie
hulle huil tot vanaand
na-vyf, na-werk kom die
stiefmammies en -pappies hulle haal
met ? ysterswaan
die nuutste model blaas rook
en jaag oor riviere teer
tot by kelders parkering
dan word hulle opgehys
gebad en gevoer in ? hok
moet hulle soet gaan slaap
eennag het hansie en grietjie
weggeloop, bo-oor die tralies geklim
en fyn en flenters geva
op die paadjies sement
ver van die huis af

**E. Castelyn**

**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die BLADSY.

**VRAE:**

1.1 Haal TWEE APARTE WOORDE aan uit die eerste twee reëls wat in die oorspronklike sprokie Hansie en Grietjie gebruik word. (2)

1.2 Waarmee word die maan vergelyk? (1)

1.3 Die gedig word in vier tydsdele verdeel. Skryf slegs die VIER WOORDE neer wat die vier tydsdele in die gedig aandui. (4)

1.4 Waarna verwys die woord **kindertjies**? (1)

1.5 Waarmee word die kinders afgelaai en opgetel? Haal die woord aan uit die gedig. (1)

1.6 Hoe weet ons dat hierdie vervoermiddel luuks is? Gee slegs EEN WOORD. (1)

1.7 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Die ouers is nie haastig nie. (2)

1.8 Watter daaglikse roetine ondergaan die kinders by hulle woonstel? Gee TWEE APARTE WOORDE. (2)

1.9 Die kinders gaan oor tot aksie en verander hulle lewe. Hoekom doen hulle hierdie verandering <u>eennag</u>? (1)

**[15]**

**EN**

**_Melkkantien_ – E. Eybers**

***Melkkantien***

Wat soek sy hierwaar alles glim, dievrou,
verweer en afgewater, kneukels rooi
soos die tamatiesap waarom hul klou?
Tussen die kelnerinne, opgetooi,
met jong gesigte, almal leeg en hard,
wat soek sy hier, so afgesloof en stroef,
in haar verrimpelde gelaat die smart
van anders en alleen wees saamgeskroef?

Vir sóveel powerheid is daar geen troos:
ek vat die vol glas lomp en sê, ek soek
na ? apteker, dalk kan sy my help?
Sy stoot die vaal haartoutjies terug, oorstelp
van vriendelikheid, beduie tandeloos:
Jy meen ? kemmis? Ja, net om die hoek.

***E. Eybers***

**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die BLADSY.

**VRAE:**

1.10 Pas **KOLOM B** se inligting by die feite in **KOLOM A**. Gee slegs die VRAAGNOMMER en die LETTER.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.10.1 jong kelnerinne | A. daar is geen troos vir haar nie |
| 1.10.2 styf vashou | B. verrimpeld |
| 1.10.3 spreker besef ? harde waarheid oor hierdie vrou | C. leeg en hard |
| 1.10.4 haar gesig | D. beduie |
| 1.10.5 sy gebruik haar hande | E. klou |

**[5]**

**EN**

**"*last grave at dimbaza*" – F. Olivier**

beauty douglas was born
op ? wintersnag so all forlorn
omring deur die sterre se liggies
en koerante kaal klip
en nuuskierige hande
en tien ander gesiggies
a ? dogter oplaas ? dogter
om beeste te kry om die wêreld
te wei a dis lekker
om ? vader te is te is

die ma het ? briefie geskryf
aan haar man op die myne
om te sê van die kind en te vra van die geld
want dit was sy kind die dogter
was syne om te sê: o my man
o my man ek het beeste gebaar
op ? wintersnag so all forlorn
met die sterre soos goud en die mielies klaar
beauty douglas your daughter was born

sy hart het oopgeskiet tussen lae klip
opgeskiet boontoe en oopgevou
in ? laatnagbrief: my vrou
my vrou sê aan beauty douglas
haar pa het haar lief.

hy't sy brief gepos met sy viersentseël
? lugposbrief aan beauty douglas
om te sê hy't haar lief
die adres was mnxesha
oor kingwilliamstown kaap

saans as hy sy moegheid streel
het hy gedroom van sy meisiekind
en op ? sonskynmiddag twee maande later
het ? brief uit mnxesha hom teruggevind:

"beauty douglas was born
she died"

**F. Olivier**

## INSTRUKSIES:

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die BLADSY.

## VRAE:

1.11 In watter seisoen is Beauty gebore? (1)

1.12 Gee slegs EEN WOORD wat bewys dat daar oral baie sterre was. (1)

**b.o.**

1.13 Watter betekenis kan die woord **sterre** ook hê? (1)

1.14 Watter woorde wat herhaal word, sê vir ons dat die vader verskriklik bly is om ? vader te wees? (1)

1.15 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Beauty se pa het gehelp met haar geboorte. (2)

1.16 Kies uit **KOLOM B** ? antwoord wat pas by **KOLOM A**. Skryf slegs die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.16.1 lobola | A. hy het hierdie tyd ? brief ontvang |
| 1.16.2 emosies van die vader | B. droom van sy meisiekind |
| 1.16.3 laatnag | C. beeste gebaar |
| 1.16.4 inhoud van pa se brief | D. hy het hierdie tyd ? brief geskryf |
| | E. hy het sy dogter lief |
| | F. oopgeskiet en opgeskiet |

(4)

**[10]**

**EN**

***Begrafnis van ? ouma*** **– L. Spies**

***Begrafnis van 'n ouma***

Vandag sal hulle jou weglê in die aarde,
die groen heuwelland van die Noord-Vrystaat,
boervrou met breë, betroubare hande:
    die klein swart skaar familie,
    die agterkleinkind met sy blom,
    die dominee en die gepaste teks.

Ek was jou eerste naamgenoot, jy het my liefgehad,
maar kleinkinders is tydeliker as kinders,
ontgroei hul eie molligheid en oumenshande
wat lateraan deug net vir ? transistor op die skoot
terwyl die oë straat af speur na die posman
met sy brief van ? onvervreemde.

Jy kon nog lees, toe het ek ophou skryf,
jou "waarheidstories" was vergeet,
en in my onbetreurde afwesigheid,
geliefde vreemdeling, bêre hulle jou vandag.

Longontsteking het jou agterhaal
voor ? oop venster,
jy wat die seerkry van die hoes
kleintyd uit my bors kon vryf.

Ek onthou die kalfie voor jou koolstoof
en ruik kamferolie op die winterlug.

**L. Spies**



**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die BLADSY.

**VRAE:**

1.17 Wat gebeur **vandag** met die ouma? (1)

1.18 Hoe weet ons dat die ouma moontlik op ? plaas gewoon het? Gee slegs EEN WOORD. (1)

1.19 Hoe weet ons dat die predikant iets uit die Bybel gaan lees? Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE aan. (1)

1.20 Die familie rou oor die afsterwe van die ouma. Watter **kleur** bewys dit? (1)

1.21 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Bewys jou antwoord deur slegs EEN WOORD aan te haal.

Die spreker het die begrafnis bygewoon. (2)

**b.o.**

1.22 Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat bewys dat die spreker tog baie omgegee het vir haar vervreemde ouma. (1)

1.23 Die spreker dink terug aan haar jeugjare en sy kan weer fisies die pyn van haar hoes voel. Gee EEN WOORD wat dit bewys. (1)

1.24 Noem die **sintuie** wat in die laaste twee reëls gebruik word. (2)

**[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

**EN / OF**

AFDELING B

**KORTVERHALE**

***Kinders van die aarde* – Charles Fryer**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Beantwoord ELKE STEL VRAE op ? NUWE bladsy.
- Skryf die TITEL van die KORTVERHAAL neer.
- Gee SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

**VRAAG 2**

***Die wedloop* – P. Bekker**

**VRAE:**

2.1

> "Dit word ? vloed waarin die een skaars luister na wat die ander sê. Om teenoor mekaar uiting te gee aan ons gevoelens is genoeg."

2.1.1 Watter gevoelens het die twee seuns met mekaar gedeel? (1)

2.1.2 Wat het gebeur dat hulle wel tyd gehad het om met mekaar oor hulle gevoelens te praat? (1)

2.1.3 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Vis en Salmon het net hierdie jaar teen mekaar gehardloop. (2)

2.1.4 Wat het Salmon en Vis eintlik hierdie dag gewen? (1)

2.2 Kyk na die stellings en sê WIE die volgende gesê het:

2.2.1 "Die afgelope jaar al vrees ek vandag." (1)

2.2.2 "My geld is op die swartkoppie." (1)

2.3

"Hy tel Salmon met een haal op sy skouer en loop ? sirkel met hom."

2.3.1 Wie het vir Salmon op sy skouers opgetel? (1)

2.3.2 Na watter gebeurtenis het die persoon vir Salmon op sy skouers opgetel? (1)

2.3.3 Watter jaar het hierdie persoon vir Salmon op sy skouers opgetel? (1)
**[10]**

**EN**

***Storm op die berg* – W.A. de Klerk**



**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die KORTVERHAAL neer.
- Gee SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

**VRAE:**

2.4 Voltooi: Jaco was baie 2.4.1 ______, daarom het Christien se ouers gesê dat sy saam met hom en Tonie deur die 2.4.2 ______ -gebied kan gaan bergklim. (2)

2.5 Waar studeer Jaco? (1)

2.6

> "Vanaand wanneer die sterre skitter, sal ek haar sê."

2.6.1 Wat wil Tonie vir Christien sê wat so belangrik is? (1)

2.6.2 Wat was Christien se reaksie nadat hy klaar met haar gepraat het? Noem TWEE feite. (2)

2.6.3 By watter kamp het Tonie besef dat hy meer as vriendskap vir Christien voel? (1)

2.6.4 Tonie het later besef dat Christien en Jaco wel vir mekaar omgee. Wat het hulle gedoen wat Tonie daarvan oortuig het? Noem slegs EEN feit. (1)

2.7 Wie tree uit as die oorwinnaar aan die einde van die verhaal? (1)

2.8 Hoekom sê jy so? (Antwoord Vraag 2.7) (1)
**[10]**

**EN**

***Rooikoos Willemse is soek* – A.H. de Vries**

**EN**

***My broer se kraai* – C. Barnard**

**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die KORTVERHALE neer.
- Gee SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

**VRAE:**

2.9 Kyk na die onderstaande prent en beantwoord die vrae.




2.9.1 Watter karakter word hier voorgestel? (1)

2.9.2 Watter slegte gewoonte het hierdie karakter gehad? (1)

2.9.3 Op watter dag het hy opgestaan en verskriklik eensaam en alleen gevoel? (1)

2.9.4 Watter skok het hy daardie dag beleef? (2)

2.10 Kyk na die onderstaande prent en beantwoord die vrae.



2.10.1 Watter verhaal wat jy gelees het, sal hierdie prent verteenwoordig? (1)

2.10.2 Waarom is hier ? prent van ? papegaai? (1)

2.10.3 Wat was die broer se reaksie oor ? papegaai? (1)

2.10.4 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Die kraai het van die Donderdag af aan die broer behoort. (2)
**[10]**

**EN**

***Die ooreenkoms* – Dalene Matthee**

**EN**

***'n Man kom tuis* – C. Barnard**

**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die KORTVERHALE neer.
- Gee SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

**VRAE:**

2.11 Pas die woord(e) in **KOLOM B** by die woord in **KOLOM A**. Skryf slegs die VRAAGNOMMER en LETTER neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.11.1 Jakob | A. agter die toonbank van ? landboukoöperasie gewerk |
| 2.11.2 Willem | B. vyf jaar later |
| 2.11.3 Gouws | C. dood in ? motorongeluk |
| | D. ryloper |
| | E. treindrywer |

(3)

2.12 In die kortverhaal ***'n Man kom tuis*** was die bestuurder verveeld en hy het geselskap nodig gehad hierdie dag. Hoekom? Gee TWEE redes. (2)

2.13 In ***Die ooreenkoms*** was die "broers" nooit verveeld met mekaar nie. Hulle het baie vir mekaar vertel. Wat het hulle vir mekaar van vroumense vertel? (1)

2.14 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Gouws was pas getroud met sy eerste vrou. (2)

2.15 Watter tema kom sterk na vore in ***Die ooreenkoms***? (1)

2.16 Watter boodskap vind ons in ***'n Man kom tuis***? (1)
**[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [40]**

**EN / OF**

AFDELING C
**ROMAN**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae in die afdeling.
- Begin ELKE STEL VRAE op ? NUWE bladsy.

**VRAAG 3**

***Kringe in ? bos*** **– Dalene Matthee**

**AANHALINGS UIT *Kringe in ? bos***

**VRAE:**

- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

3.1 Sê telkens WIE in die AANHALING praat.

3.1.1 “Jy was van altyd af eiewys en annester.” (1)

3.1.2 “Kan jy praat?” (1)

3.1.3 “Dwarslêers? Die hele wêreld lê vol dwarslêers.” (1)

3.1.4 “Jou pa. Hy is nie meer op die aarde nie.” (1)

3.1.5 “Ons belang aan onsselwers en ons werk vir onsselwers!” (1)

3.1.6 “Ek, meneer Barnard is ? direkte afstammeling van koning George III van Engeland!” (1)

3.1.7 “Saul Barnard, ek bied jou sewe erwe bo in Meulbosdorp aan.” (1)

3.1.8 “Barnard!” skreeu hy vol bravade, “ek waarsku jou, dis mý olifant!” (1)

3.1.9 “Ons is ? spul wurms wat die appel van binne af vrot vreet!” (1)

3.1.10 “Jy draai op jou manier om en ek op myne. As dit hout is wat jy wil hê, kan jy dit by my koop, maar jy kan nie my daarmee saam koop nie.” (1)

3.1.11 “Hallo, Charles Dickens!” (1)

3.1.12 “Die engels het julle ma kom haal!” (1)
**[12]**

**EN**

3.2 "Is jy in die vlees of in die gees?"

Wie vra hierdie vraag aan Saul? (1)

3.3 "Oh my God ! Please stop. I ... I don't feel well."

3.3.1 Wie sê hierdie woorde? (1)

3.3.2 Hoekom voel die man nie goed nie? (1)

3.4 "Hierdie keer het jy Oupoot gekies om jou skuld te betaal. Wat of wie gaan jy volgende keer uitsoek? Vir my?"

3.4.1 Wie is hier aan die woord? (1)

3.4.2 Met wie praat die persoon? (1)

3.4.3 Waaroor het Oupoot die skuld gekry? (1)


3.5 "Klink vir my na ? regte bloubokkie-se-gal-storie."

3.5.1 Vir wie het Saul hierdie woorde gesê? (1)

3.5.2 Wat was die bloubokkie se storie? (1)
**[8]**

**EN**

3.6 Gebruik die LEIDRADE om die BLOKKIESRAAISEL te voltooi. Vul die blokkiesraaisel volledig in, MAAR skryf slegs die NOMMER en die ANTWOORD in jou antwoordboek neer.




DWARS

1. Meulbos het ? ______ geword.
2. Dit het 7 dae geneem om te val.
7. Verbode naam.
8. Hy was 14 toe hy dit sien.
9. Voor hierdie ouderdom dink iets anders vir jou.

AF

1. Die lewe is ? ______ sirkel.
4. Hy loop nie ? ______ wat nêrens uitkom nie.
5. Enige iemand, behalwe hy kan vir Oupoot skiet.
6. Houtkappers of ______ -mense
3. Kate en Saul is ______ vir mekaar.

**[10]**

**EN**

3.7

| Die res van sy lewe sal begin as hy met die skip kan wegvaar. |
|---|

3.7.1 Watter optrede van MacDonald het Saul FINAAL laat besluit om met die skip weg te vaar? (1)

3.7.2 Waarom is hy tog uiteindelik NIE met die skip weg NIE? (1)

3.8

| "Die dae toe jy vir my houtkneg was ..." |
|---|

3.8.1 Noem TWEE insidente wat daartoe gelei het dat Saul deur die Bosmense verwerp is. (2)

3.8.2 Wat het Saul met Kate se hulp geleer? (1)

3.9

> "Hy hoor die skoot toe hy aan die bopunt van Streepbos deur die seweweeksvarings sukkel, en dit voel of die skoot sy eie lyf tref."

3.9.1 Wie, het Saul eers gedink, het vir Oupoot geskiet? (1)

3.9.2 Wie het in werklikheid vir Oupoot geskiet? (1)

3.9.3 Hoe lank is Saul nou al in die Bos? (1)

3.9.4 Saul raak vir die eerste keer aan Oupoot en ? leeftyd se liefde breek deur hom. Watter antwoord beskryf NIE Saul se gevoel vir Oupoot nie? Kies net die VERKEERDE antwoord.

A. Boskoning
B. Dier-broer
C. Mees gevreesde olifant
D. Mens-broer (1)

3.9.5 Watter goeie nuus kry Saul van Kate? (1)
**[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [40]**

**EN / OF**

AFDELING D
**ROMAN**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae in die afdeling.
- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Begin ELKE STEL VRAE op ? NUWE bladsy.

**VRAAG 4**

***Gooi hom in die sloot* – Roelf van Rensburg**

**CASPER HEFER**

| Casper sit in die Afrikaanse klas en dink diep na. Dit is ? warm dag. |
|---|

**VRAE:**

4.1 Voltooi: Casper sit in die Afrikaanse klas en droom van 4.1.1 ______, sy meisie. Hy wou haar na ? 4.1.2 ______ neem, maar sy baadjie is vuil en dit moet skoongemaak word. Mnr. 4.1.3 ______ sê vir Casper dat hy droom en eerder moet luister. Die onderwyser vra toe vir Casper om na mnr. 4.1.4 ______ (hoofsportonderwyser) te gaan en hom te vra of hulle krieketoefening vanmiddag het. 4.1.5 ______ (eerstespan-krieketspeler) sê dat hulle Maandae en Woensdae oefen. Casper besluit om eers na die 4.1.6 ______ te gaan. Hy kyk op sy polshorlosie wat sy pa vir hom gegee het toe hy verlede jaar die eerste onder 4.1.7 ______ -atleet in die skool se geskiedenis geword het wat die 4.1.8 ______ -meter in minder as vyf minute kon afdraf. (8)

4.2 Casper sien ? beursie op die vloer lê. Wat was sy eerste gedagte? (1)

4.3 Wat was sy tweede gedagte toe hy die geld daarin sien? Gee DRIE feite. (3)

4.4

| “Die implikasie van die matriekseun se woorde tref Casper meteens en hy ruk.” |
|---|

4.4.1 Wat het hierdie matriekseun geïmpliseer? (1)

4.4.2 Wie is die matriekseun in hierdie aanhaling? (1)

4.5

> "Ek ken sy omstandighede, Wessel. As ons hom nie dophou nie, kan sy paadjie skeef loop. Ek weet wat armoede aan ? kind kan doen."

4.5.1 Van watter omstandighede, buiten armoede, word hier gepraat? (1)

4.5.2 Wie is hier aan die woord? (1)

4.5.3 Wat het klein Philip en Casper in gemeen gehad? (1)

4.6 Watter beroep beoefen Casper se pa? (1)

4.7 Wat onthou Casper van sy oorlede ma? (1)

4.8 Wat kan Casper by sy pa leer? (1)
**[20]**

**EN**

**ALGEMENE VRAAG**

**VRAE:**

4.9 Lees die aanhalings/beskrywings en sê VAN WIE hier gepraat word.

4.9.1 Hy is bekend as ? regverdige mens, met kennis van die kind. (1)

4.9.2 Hy bel vir Philip en sê dat hy oorweeg word vir ? bevorderingspos. (1)

4.9.3 ? Lang seun, gespierd en atleties gebou (1)

4.9.4 Casper-hulle se buurvrou (1)

4.9.5 ? Bekende chirurg (1)
**[5]**

**EN**

**WESSEL LATEGAN**

> "Philip Uys is aan die foon," roep sy. "Hy wil met jou praat."

4.10 Hoekom het Philip Uys vir Wessel gebel? (1)

4.11 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Monica Lategan hou baie van Philip. (2)

4.12 "Jy vergeet so baie dinge deesdae, Wessel."

4.12.1 Watter belangrike afspraak het Wessel vergeet? (1)

4.13 Waarvan beskuldig Wessel se vrou hom? Kies die KORREKTE antwoord.

A. Hy gaan iewers drink.
B. Hy stel nie meer in haar belang nie.
C. Hy is nie meer lief vir haar nie.
D. Skoolsake is belangriker as sy gesin. (1)

**[5]**

**EN**

**ALGEMENE VRAAG**

4.14 Lees die volgende aanhalings deur en sê

- WIE hierdie woorde gesê het; en
- AAN WIE hulle die woorde gesê het.

Trek die volgende kolom oor in jou antwoordboek en gebruik 4.14.1 tot 4.14.5 om dit in te vul.

| WIE | AAN WIE |
|---|---|
| 4.14.1 | 4.14.1 |
| 4.14.2 | 4.14.2 |
| 4.14.3 | 4.14.3 |
| 4.14.4 | 4.14.4 |
| 4.14.5 | 4.14.5 |

4.14.1 "Ja-nee, ons twee is vandag die swartskape, ..." (2)

4.14.2 "Voor die einde van die jaar kry jy dalk bevordering hier man." (2)

4.14.3 "Ek is al gewoond daaraan dat jy gereeld die donkiewerk vir hom doen, ..." (2)

4.14.4 "? Man doen soms dwase dinge. Dis my eie skuld dat Casper byna ? lid ..." (2)

4.14.5 "Sannie Momsen sê ek gaan sommer verlief raak op Doringspruit se klimaat." (2)

**[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING D: [40]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**